


Die Oorsprong van Ons Gesange en

III. — ENIGE SESTIENDE- EN SEWENTIENDE- EEUSE GESANGE.



Die leser sal miskien nog onthou dat in die tweede artikel vertel is van daardie merkwaardige boek van die digter-predikant Nicolai, die *Freudenspiegel des ewigen Lebens* (1599) waarin twee beroemde gesange verskyn het. Die een was die wysie van „Hoe zal 't mij dan, o dan eens zijn”; die ander een is miskien nog beter bekend in Suid-Afrika en is die wysie van „Heilige Jezus! mij ten leven” (ges. 62), die oorspronklike

Duitse vorm waarvan is „Wachet auf! ruft uns die Stimme des Wächters” (Ontwaak! roep die stem van die wagter). Die Nederlandse woorde is deur 'n sekere J. van Lodenstein. Die woorde en melodie van die koraal is deur Bach gebruik in sy 140ste Kantate en het selfs in Engeland, wat reeds in 1540 sterk afkeuring teen die invoering van die Lutherse korale getoon het, uiters populêr geword in die vorm van „Sleepers wake, a voice is calling,” die vorm waarin dit in Mendelssohn se „Paulus”-oratorium (1836) verskyn. Ongelukkig is die pragtige woorde van Nicolai vir ons kerk verlore.

Twee sestiende-eeuse gesange uit die gesangboek van Joseph Klug (1535) is in ons gesangboek opgeneem, en hoewel hulle nooit eintlik tot werklike volksbesit geword het nie, is hulle van baie groot musikale waarde. Een van dié gesange is „Ich ruf zu dir, Herr Jesu Christ” (Ik roep tot U, Heere Jezus Christus), en die ander „Wo Gott der Herr nicht bei uns hält” (As God die Here ons nie bystaan nie). Hulle verskyn in ons gesangboek as gesange 34 en 173 en is so goed as onbekend, alhoewel albei deur kenners baie hoog geskat word; so het Bach byv. die eerste twee keer, en die tweede nie minder as vyf keer vir sy gewyde en ander werke gebruik nie.

'n Uiters bekende sestiende-eeuse gesangwysie is dié van gesang 2, „Den hoogen God alleen sij eer,” die een wat omtrent altyd te hoog ingesit word! Die wysie word vir nie minder as nege gesange (2, 14, 15, 47, 53, 113, 141, 146, 147) en twee psalms (36 en 68) gebruik nie en verdien sy groot populariteit by Protestante van alle volke en tale. Hoewel dit ook die melodie is wat ons Koraalboek vir die genoemde twee psalms aangee, kan ons taamlik seker daarvan wees dat dit nie tot die Marot-De Bèze-Bourgeois-Goudimel-reeks behoort nie; want die offisiese Franse Gereformeerde gesangboek gee wel De Bèze as die outeur van die woorde aan, maar erken openlik dat die musiek van „Greiter, 1525” is. Snaaks genoeg, voeg die gesangboek by psalm 68 „tiré du psaume 68,” wat dit in die geval van byv. pss. 42 en 84 nie doen nie! Die Litzau-Koraalboek, wat algemeen in Suid-Afrika gebruik word, help ons ook nie, omdat die oorspronklike Duitse vorm daar ewemin as in ons gesangboek aangegee word. Die wysie het egter ongetwyfeld in 1525 die lig gesien in die beroemde „Strassburger Kirchenamt,” en heet oorspronklik „O Mensch, bewein dein Sünde gross” (O mens, beweën jou groot sonde).

Die vier gesange wat op die wysie van gesang 23 gasing word (23, 81, 184 en 185) het 'n oorspronklike melodie „Wenn mein Stündlein vorhanden ist” (Wanneer my uurtjie aangebreek het), 'n wysie wat eerder elegant as plegtig is en vir die eerste maal in die Frankfortse „Kirchengesänge” van 1569 verskyn het. Die komponis is nie bekend nie, maar die digter van die Duitse teks is N. Herman, wat sy gesange uitdruklik aan die kinders gewy het. Die Frankfort-gesangboek het 380 liedere bevat en is een van die belangrikste van die eerste geskiedkundige periode van die Protestantse gesange.

Dit word nou algemeen erken dat die twee gesange wat as strydkreet van die Hervorming gedien het „Ein feste Burg ist unser Gott” van Luther en „Es ist das Heil uns kommen her”

Psalms

deur

Dr. C. G. S. de Villiers

(Die verlossing het tot ons gekom) was. Laasgenoemde gesang behoort tot die allerkosbaarste erfgoed van die Protestantisme, en gelukkig is die melodie vir ons bewaar gebly in gesang 159, „'t Is God, die 't licht heeft voortgebracht,” 'n nuwejaarsgesang, al weer, volgens ons gesangboeklys, „naar Gellert,” wat darem miskien eleganter gedig het as „Laat ons voor 't afgelopen jaar/Met dank den Opperzegenaar.” 'n Mens wonder wat die Afrikaanse gesangvertalers van vers 5 gaan maak met die woorde „Toon Neêrlands volk uw vaderhart, gelijk in oude dagen.” Ook daardie reëltyes is bepaald maar net *naar* Gellert! Maar hierdie gesang verklaar nogmaals ten duidelikste waarom gesangwysies uit die storm-en-drang-periode van die Protestantisme, en dus van die allergrootste musikale belang vir ons volk, aan die verlore-gaan of reeds verlore is. Die oorspronklike woorde moet herstel word in 'n nuwe Afrikaanse verwerking, waarvoor hede die buitengewone belangrikheid van die gesang, die digter waarvan onbekend is (dus *nie* Speratus nie!), gee ek hier 'n vry vertaling van die eerste en die elfde versies: „Ons het die verlossing deelagtig geword uit Gods genade en Sy louter goedheid; ons werke help ons nimmermeer, hulle is vir ons geen vrywaring nie. Die geloof kyk net na Jesus Christus, Hy het genoeg vir ons almal gedaan, ons Middelaar het Hy geword. Die hoop wag op die regte tyd wat Gods woord vooruit gesê het; wanneer dit ons kom verby, daarvoor het God geen bepaalde tyd vasgestel nie. Hy weet wanneer dit vir ons die beste is, Hy gaan nie met bose lis te werk nie, dus moet ons Hom vertrou.”

Ons kan goed begryp waarom die gesang tot hervormingsleuse geword het: dit gee in knappe vorm die hele teenstelling van die Protestantisme met die Katolisisme en sy grondbeginsel van die saligmakende werke. Verder is die laaste versies van die gesang 'n vermaning tot volharding in die stryd, wat vir die hedendaagse Protestante dikwels bloot 'n geskiedkundige feit is, maar vir die eerste Protestante 'n worstelstryd was vir die behoud van hul diepste oortuigings. Ons moet onthou dat „Es ist das Heil uns kommen her” in 1523, dus ses jaar na die aanplak van Luther se stelling, ontstaan het en tot troos en sterkte vir die „Protesteerdere” moes dien in die tyd voordat die Luther-gesange hul eerste verskyning gemaak het en veral voordat „Ein feste Burg” in 1529, dieselfde jaar van die Ryksdagvergadering op Speier, verskyn het.

Blykbaar bevat ons gesangboek nog net twee sestiende-eeuse gesange. Eerstens ons gesang 66, „O God, die eindeloos goed en groot,” Nederlandse gedig van R. Feith; ons gesangboek gee as oervorm van die melodie „Die Seele Christi heil'ge mich,” wat egter nie meer in die bekendste Duitse gesangboek opgeneem is nie. Die digter van „Die Seele Christi” is Scheffler (1624-1677), wat van die Protestantse kerk na die Roomse oorgegaan en tog op die Hervormde kerkmusiek 'n baie groot invloed gehad het. Maar aangesien hy as digter van ons gesange nie verteenwoordig is nie, kan ons sy interessante persoonlikheid nie bespreek nie. Ons gesang 66 het 'n wysie wat oorspronklik gemaak is vir die ou begrafniskoraal „Nun lasst uns den Leib begraben” (Laat ons nou die liggaam begrawe), wat 'n erstuk van die „Boheemse Broeders” of Hussiete is. Hulle gesangboek was oorspronklik

Tsjeggies, maar in 1531 verskyn ook die beroemde Duitse uitgawe deur Weisse besorg, wat 'n baie groot invloed op Duitse gesangboeke van alle eeue sou hê en ook in ons gesangboek verteenwoordig is.

Gesang 176, „Zie erbarmend op ons neer,” is volgens ons gesangboeklys „naar Cramer” gedig. Bedoel word blykbaar Andreas Cramer, wat in 1780 die gesangboek van Sleswyk-Holstein opgestel het. Sy gesange was vroeër populêr, maar het amper geheel en al uit Duitse gesangboeke verdwyn. As komponis van gesang 176 word in Litzau se koraalboek aangegee Selnekker (1530-1592), wat eentyd hofpredikant in Dresden was, maar later as Calvinis verdryf is. Selnekker was ook as komponis bedrywig, maar die datum 1540 wat Litzau aangee, is bepaald verkeerd; Selnekker het sy groot gesangboek in die jaar 1587 uitgegee.

Ons oudste sewentiende-eeuse gesang, die een van Hasler, is reeds behandel. In 1610 het die wysie ontstaan waarop ons gesang 42 en 46 sing. Van gesang 46, „Kom Christenschaar!” is die Duitse vervorm „Ich dank dir schon durch deinen Sohn” (Ja, ek dank U deur U Seun). Dit is gekomponeer deur Michael Praetorius (1571-1621), wat in sy tyd oor die sewehonderd gesange gemaak het en 'n baie belangrike Protestantse komponis is. Die wysie van die twee gesange (42 en 46) is baie goed bekend in Suid-Afrika; van die tekste is dié van gesang 46 (V. d. Kastele) bekender as dié van gesang 42 „O denkebeeld, dat ons leven geeft,” wat al weer 'n verwerking is van 'n gedig deur Gellert.

'n Wyd en syd bekende wysie van die vroeë sewentiende eeu is dié waarop ons psalm 130 „Uit diepten van ellenden” sing. Die oorspronklike Franse wysie van die psalmboek word sover ek weet nooit in Suid-Afrika gesing nie, en omdat elke woord van psalm 130 volksbesit geword het, het sy Duitse wysie 'n brokkie egte Afrikaanse kultuur geword. Dit is in 1613 deur M. Teschner gemaak en is die ook in die Duitse Kerke alombekende „Valet will ich dir geben” (Valse, sondige wêreld, ek wil jou vaarwel sê).

Die wysie van die doopgesang (97) „U God en Heer,” kom na ons uit 'n gesangboek, die „As hymnodus sacer,” uitgegee in Leipzig in 1625. Die woorde van gess. 97 en 40, wat op dieselfde wysie gesing word, is albei van A. Rutgers en is geneen 'n vertaling of verwerking van die Duitse oergesang, „Ach Gott und Herr” nie. Vroeg in die sewentiende eeu (1625) ontstaan die musiek van gess. 41 en 59; die komponis is J. H. Schein (1586-1630). Die wysie is nie baie bekend nie, maar tog nie so onbekend dat ten minste ges. 59 „Al wie Gods woord niet houdt,” oorspronklike Duitse teks van Gellert, nie belangrike kultuurgoed geword het nie.

Een van die bekendste van alle gesangwysies is dié van „Wie maar den goeden God laat zorgen,” waarop nie minder as ses gesange: 17, 73, 161, 164, 171 en 192 gesing word nie. Die melodie is die enigste wat ons kerk aan G. Neumark (1621-1681) te danke het, maar deur dié een vermaking het Neumark 'n belangrike bydrae gelewer tot ons musikale erfgoed. Sy melodie is een van die pragtigste in ons gesangboek en is in sy eenvoudig-deftige waardigheid as 't ware onafskeidbaar van die woorde, wat ook deur Neumark gedig is en waarvan ons in ges. 17 gelukkig 'n mooi vertaling het. Neumark was 'n Duitse digter uit Saks-Thüringen, maar hoewel hy baie gedig het, berus sy onsterflikheid op „Wer nur den lieben Gott lässt walten.” Van die ander gesange wat op die wysie van gesang 17 gesing word, is gesang 161, 'n nuwejaarsgesang: „O dat van mijne levensdagen,” miskien die bekendste. Dit is juis die berugte komposiete gesang in ons gesangboek, en tog het die woorde algemene byval gevind. Gesang 192, woorde deur R. Feith, word dikwels by begrafnisse opgegee. Die ander drie gesange is minder goed bekend en in ieder geval haal geneen van die vyf dit in Suid-Afrika by „Wie maar den goeden God” nie (Vervolg op bladsy 19.)

Die Oorsprong van Ons Gesange en Psalms

(*Vervolg van bladsy 17.*)

Die Duitse komponis wat die grootste getal gesangwysies van ons kerk gekomponeer het, is Johann Crüger (1596-1662). Hy is in die himnologie van die Protestantse kerk veral bekend as die komponis wat die gewyde gedigte van Gerhardt, miskien die grootste gesang-digter van alle tye, op musiek gesit het. Hy het in 1640 die eerste Berlynse gesangboek uitgegee; die tweede uitgawe was bekend as die „Praxis pietatis melica” (godsdiensoefening deur middel van gesange); dit was die allerbekendste sewentiende-eeuse gesangboek en ’n soort voorloper van die beroemde gesangboek van Freylinghausen (1704). Ons oudste Crüger-gesang is ges. 118, „Leer mij o Heer uw lijden,” ’n verwerking van ’n Gellertse lied en nie ’n vertaling van die oorspronklike „Herzliebster Jesu, was hast du verbrochen?” nie. Crüger het die gesang blykbaar in 1640 gekomponeer. In Suid-Afrika het dit egter myns insiens nooit werklike volksbesit geword nie. Die twee Crüger-gesange uit die jaar 1649, gess. 106 en 115, het dit nie baie beter as ges. 118 getref nie, alhoewel die Nagmaalgesang (106): „Treed nu toe, verlore ziele,” dikwels by Nagmaalvierings gehoor word. In 1653 het Crüger ’n gesang gemaak wat in ons land amper net so bekend is as „Prijs den Heer”; dit is „Jezus neemt de zondaars aan” (ges. 39). Die woorde is ’n vertaling van ’n Duitse gedig van J. C. Zimmermann, en nie van die Duitse gesang „Jesus meine Zuversicht” nie. Nog een Crüger-gesangwysie is in ons gesangboek opgeneem, dié waarop ges. 36 en 57 gesing word. Die Duitse oervorm is „Jesu, mein Freude,” maar die twee genoemde gesange, hoewel Duits van oorsprong, is verwerkings van ander gedigte.

Van R. Ahle (1625-1673) kry ons die wysie van ges. 93 „Lieve Jezus, zie ons zaam.” Die oorspronklike Duitse gesang is die deur alle Duitse kinders so beminde kindergesang „Liebster Jesu, wir sind hier.” By ons het die gesang ’n openingsgesang geword vir openbare dienste en vir so menige aand-, oggend- en Sondagshuis-godsdienste. Die inligting aangaande die digter van ons gesangwoorde is in die offisieuse lys in ons gesangboek bepaald foutief aangegee. Daar heet dit „naar F. Clausnitz,” terwyl die beste

moderne Duitse bronne soos Nelle, Blune en Richter algar T. Clausnitzer (1618-1684) aangegee. Die Nederlandse teks is ook so verander dat „naar” nie meer pas nie.

Johann Schop, wat ongeveer in 1665 oorlede is, het twee gesangwysies aan ons kerk gegee; die mins bekende van die twee is die wysie van gesang 79 „O Heer hoe heuglijk is het lot” — Duits „O Ewigkeit! du Donnerwort.” Maar die ander Schop-wysie is goed bekend en is een van daardie mineur-melodieë wat in hul skone eenvoud en volmaakte vorm die ideale kerklike musiek beliggaam. Vier gesange: 38, 50, 63 en 140 word op hierdie plegtige wysie gesing; die eerste drie het oorspronklike Nederlandse woorde en die laaste is al weer ’n Klopstock-verwerking. Dit kan egter nie ontken word dat geeneen van die vier gedigte besonder geskik is nie; daarvoor ontbreek dit veral aan eenvoudigheid en deurelfheid. Gesang 38 is miskien nog die bekendste.

Een gesangwysie uit die sewentiende eeu word in ons gesangboek vir gess. 4, 6, 25, 33, 72, 100 en 122 gebruik en is dus bloot numeriek beskou reeds een van ons bekendste wysies, en gelukkig ook een van ons bestes. Die oorspronklike wysie is van P. Sohren en in 1668 gekomponeer; dit het oorspronklik in ’n later uitgawe van die bovermelde „Praxis pietatis” verskyn. Eienaardig genoeg word die melodie nie meer in een van die bekendste Duitse gesangboeke opgeneem nie, maar wel in die Duits-Switserse! Van al die gesange wat op dié wysie gesing word, is ges. 33 ongetwyfeld die bekendste en bemindste; feitlik alle versies het volksgoed geword, behalwe miskien nos. 2, 3 en 4. Die Nederlandse teks is ’n vertaling van ’n gedig van Cramer (1677-1746), wat vir die himnologie nogal belangrik is, omdat hy een van die eerstes was wat „geestelike liedere” gedig het wat nie juis noodsaaklik bedoel was vir gebruik by die openbare dienste nie. Het hy maar kon weet tot wat sulke huislike gewyde liedere in ons dae sou degenerere en dat hulle die eerwaardige ou korale sou verdring. Gesang 100 is ’n baie bekende Nagmaalsgesang, maar dit is meer bepaald die eerste versie wat gewoonlik opgegee word. Die teks van die gesang is oorspronklik Nederlands, asook dié van gess. 25, 72 en 122. Gesange 4 en 6 het woorde

wat onderskeidelik vertalings van Duitse gedigte van Cramer en Munter is.

Die alombekende en -beminde wysie wat ons veral met „Ruwe Stormen,” ges. 58 vers 7 assosieer, het ’n effens geheimsinnige geskiedenis. Ons gesangboek gee die oorspronklike Duitse wysie as dié van „Jesu, meines Lebens Leben” (Jesus, die lewe van my lewe); maar die wysie wat in ons gesangboek staan en wat ons almal so goed ken, is glad anders as dié van „Jesu, meines Lebens Leben.” Die „Afrikaanse” wysie is by die Duitse Protestante ook bekend, maar word gebruik vir die oeroue gesangwoorde „Alle Menschen müssen sterben.” Maar ook nie die ou wysie vir daardie gesang: die wysie wat Bach so liefgehad het nie, maar ’n wysie wat in 1681 ontstaan het — ander inligting, behalwe bogenoemde verbetering, kan ek nie meedeel nie. Maar dit is nog nodig om iets te sê oor al vier gesange wat op die wysie van 1681 van „Alle Menschen müssen sterben” gesing word. Ges. 29, „Vloei nu laat u niet bedwingen,” is weer ’n vertaling van ’n Cramer-gedig; verse 1 en 6 is besonder bekend, maar die lieflingsgesang van baie Afrikaners is tog ges. 58, waarvan feitlik alle versies volksbesit geword het. Daar is min volke wat so ’n swaar lydensweg as dié van die Afrikaner gegaan het, en in die donkerste dae van ons geskiedenis het ges. 58 vir ons krag gegee om vervolging van vyande en verraad van ons eie volksgenote te dra en deur dit alles vas te glo aan die wyse doel van die Voorsienigheid met ons land en volk, al was die nag ook hoe swart en dig. Die woorde van ges. 58 is ’n vertaling van ’n Duitse gedig van J. A. Schlegel. Amper net so bekend as ges. 58 is die vertaling van ’n gedig van Lavater wat as ons gesang 67: „Mij naar alles stil te voegen” verskyn. Die gesang is as ’t ware die lied van die „stilles in die land,” en veral van so baie Afrikaanse moeders, wat deur hul stille heldemoed net so baie bygedra het om ons volk se toekoms te verseker as ons vaders, wat gereed was om na die swaard te gryp en Afrikanertradisies en sedes tot in die barbaarse Noorde te dra. Eindelik moet nog gesang 191 vermeld word, wat deur Feith gedig is en soms by begrafnisse gesing word, maar nie belangrik is nie.

Daar is nog ’n paar sewentiende-eeuse gesange om te behandel, maar hulle moet bly oorstaan tot ’n volgende slotartikel oor die geskiedenis van ons gesange.